



“EK IS LIEF VIR LEES MAAR VIND NIE ’N PASSIE DAARIN NIE”¹

— LEESGEWOONTES VAN ’N PROEFGROEP AFRIKAANSSPREKENDE EERSTEJAARSTUDENTE

LETI KLEYN

Navorsingsgenoot
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria, Pretoria
leti.kleyn@up.ac.za

MARITHA SNYMAN

Navorsingsgenoot
Departement Inligtingkunde
Universiteit van Suid-Afrika
snyman.maritha@gmail.com

JURIE GELDENHUYSEN

Eenheid vir Akademiese Geletterdheid
Universiteit van Pretoria
jurie.geldenhuys@up.ac.za

Children who don’t read are cut off from the civilization of their ancestors.

— Niall Ferguson (2011:11)

OPSUMMING

Dié artikel stel dit ten doel om verbande te ondersoek tussen die leesgedrag van ’n aantal eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria en hulle taal- en akademiese geletterdheidsvaardighede. Die studente is getoets as risikostudente op grond van hulle swak taalvaardigheid. Verskeie aspekte van hulle leesgedrag word ondersoek, soos die studente se ervaring van lees as skoolaktiwiteit. Daar word ondersoek ingestel na moontlike veranderende leesgewoontes in ’n tegnologiese era deur onder meer te probeer bepaal of studente gedrukte media vir elektroniese media verruil het, watter spesifieke leesgedrag studente openbaar, hoe lees as ’n ontspanningsaktiwiteit onder studente daarna

uitsien, sowel as die vlak van leesfrekwensie onder studente oor ’n breë spektrum gedrukte en elektroniese media heen. Laastens word die gebruik van tegnologiese hulpmiddele en sosiale netwerke ook onder die loep geneem. Die bevinding is dat studente met lae taalvaardigheid leesgedrag openbaar wat nie hulle taalvaardigheid of hulle akademiese leesgedrag sal verbeter nie.

SLEUTELWOORDE:

leesgedrag, leesvoorkure, leesveranderinge, gedrukte media, elektroniese media, akademiese geletterdheid

SUMMARY

The purpose of this article is to investigate relationships between the reading habits of a group of first-year students at the University of Pretoria, and their language and academic literacy skills. The students were tested as students who are at risk on account of their poor language proficiency. Various aspects of their reading habits are examined, such as the students' experience of reading as a school activity. Furthermore, possible changes in reading habits in a technological era are investigated by determining whether students have exchanged printed media for electronic media, which specific reading behaviours students reveal, how reading as an activity of relaxation is approached amongst students, as well as the level of reading frequency amongst students over a broad spectrum of print and electronic media. Lastly, the article touches on students' use of technological resources and social networks. The findings show that the reading habits of students with a poor language proficiency are such that they will not improve either their language proficiency or their academic reading habits.

KEYWORDS:

reading habits, reading preferences, changes in reading, printed media, electronic media, academic literacy

1 INLEIDING

Allerweë word daar deur dosente aan Suid-Afrikaanse universiteite gemor oor die dalende taalvaardighede van studente in alle vakrigtings. Studies onderlê hierdie waarneming van dosente. Reeds so vroeg soos 1991 spreek Webb (1991:3) hom uit oor die swak praat- en skryfvermoë van skoolverlaters. Hough en Horne toon in 2001 aan dat die funksionele geletterdheidsvlakke van leerders wat aansoek gedoen het by technikons in Gauteng van 1990 tot 2000 drasties getaan het. Geldenhuys (2003) se navorsing oor taalvaardigheidsvlakke onder Afrikaanse eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria dui ook aan dat dalende vlakke van akademiese geletterdheid

– insluitend skryf-, lees-, luister- en praatvermoë – ’n probleem is wat sedert die laat tagtigerjare aandag geniet, maar vanaf die middel negentigerjare van die vorige eeu kommerwekkende afmetings aangeneem het. Ook Nel, Dreyer en Kopper (2004) dui aan dat studente se taalvaardighede nie op ’n gewenste vlak is om sukses op tersiêre vlak te behaal nie. Kyk ook in dié verband na werk deur Ngwenya (2010) en Bharuthram (2012).

Terselfdertyd is die uitslae van studente aan Suid-Afrika se tersiêre instellings bykans deurgaans swakker as die verwagte norm. Bharuthram (2012) gee ’n omvattende opsomming oor studies en verslae waarin universiteitsuitslae uiteengesit word. Sy verwys onder meer na Parker (aangehaal in Bharuthram 2012) wat dit stel dat ’n student met ’n gemiddeld van 35 persent ’n Nasionale Seniorcertificaat (NSS) kan bekom, en dat een gevolg daarvan die hoë uitvalsyster by universiteite is. Die Departement van Onderwys het in 2006 ’n verslag publiseer wat aantoon dat in 2005, 25 persent van studente wat ingeskryf het by tersiêre instellings reeds in hulle eerste jaar uitgeval het, en 20 persent in hulle tweede of derde jaar. Slegs 22 persent van die studente het hulle grade binne drie jaar voltooi. ’n Verslag van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (2012) dui aan dat slegs 15 persent van studente aan Suid-Afrikaanse universiteite wat kontakonderrig aanbied, binne drie jaar hulle graad behaal.

Geldenhuys (2003:117–119) maak die afleiding dat daar ’n verband bestaan tussen lees- en taalvaardigheid, maar ook akademiese vaardigheid: “die vermoede bestaan dat studente se gebrekkige leeservaring deels [...] verantwoordelik is vir hulle powere skryf- en taalvaardighede” en dat leesgedrag, leesvaardigheid en akademiese vaardigheid en prestasie verband hou. Hierdie vermoede word toenemend deur studies bevestig. Reeds in 1981 waarsku die RGN se *Werkkomitee: Tale en taalonderrig* (1981: 5): “Kommer word uitgespreek oor die afname in leesvaardigheid en leesgewilligheid. Die leesaangeleentheid moet besondere aandag geniet tydens die opleiding van taalonderwysers.” ’n Studie onder eerstejaarstudente in Akademiese Geletterdheid by die Universiteit van Pretoria toon leesvaardigheidsvlakke van graad 7 en 8 aan (Webb 1999). Pretorius (2002) bevind dat eerstejaarstudente in Sielkunde en Sosiologie by Unisa se leesbegripsvlak 53 persent is. Kommer oor die leesvaardighede van studente word saamgevat in die woorde van Prof Theuns Eloff, Rektor van die Noord-Wes Universiteit, as hy beweer: “[...]the bad news for universities is that we see a worsening in the literacy levels and reading and writing skills of all students” (in Govender & Naidu 2006:1).

’n Beduidende aantal navorsers in toegepaste linguistiek en leesgedrag wys ook op ’n sterk ooreenkoms tussen leesvaardigheid, akademiese sukses en sosiale ontwikkeling (Alexander 1997; Nunes 1999; Townend & Turner 2000). Bharuthram (2012) lys ’n hele rits studies wat gedoen is en waarvan die bevindinge daarop dui dat studente wat sukses om akademiese tekste te lees, dit moeilik vind om inligting daaruit te onttrek en gevvolglik leerprobleme ontwikkel. Van die mees onlangse studies is die van Nel, Dreyer en Kopper (2004), asook Ngwenya (2010).

Hierdie situasie ontstaan natuurlik nie op universiteitsvlak nie, maar word deur leerders van skool na tersi re instellings saamgebring. Hoewel daar geen formele leesevaluerings-prosedures in Suid-Afrikaanse skole bestaan nie, en dit daarom moeilik is om die situasie wetenskaplik verantwoordbaar te stel, is die aanduiding uit verskeie studies en opnames dat leesopleiding in Suid-Afrikaanse skole gebrekkig is en dat die vlakte van leesvaardigheid gev arlik laag is (Bharutham 2012).

Volgens Balfour (2002:67 in Bharutham 2012) kan die verhouding tussen lees en akademiese prestasie nie oorbeklemtoon word nie. Hy beweer dat lae leesvaardigheidsvlakke studente verhoed om kursusmateriaal, opdragte en tekste behoorlik te lees en te interpreteer. Dit beinvloed hulle vermo  om self te kan skryf en benadeel gev ollik hulle selfbeeld.

Leerders dra swak leesvaardighede met hulle saam deur hulle skoolloopbaan. Daarmee betree hulle ook tersi re instellings. Daar word die probleem amper te groot om te hanteer en sukkel studente om akademiese sukses te behaal. Studente word vasgevang in ’n “negative cycle of failed reading outcomes and academic underperformance” (Pretorius 2002:189).

2. DIE AARD VAN LEES

Lees is ’n vaardigheid wat uit twee hoofkomponente bestaan, naamlik dekodering en begrip. In die dekoderingsproses word die tekens in die teks geinterpreteer en omgesit in taal. Begrip vind eers plaas as die tekens wat as taal terekgom in die teks, binne die ervaringsw reld van die leser betekenis kry (Daneman 1991; Yuill & Oakhill 1991). Beteenisgewing hang dus af van die leser se vermo  om tekens te dekodeer en om die gedekodeerde tekens binne konteks te verstaan. Laasgenoemde hou verband met die leser se leeservaring en kennis van verskillende kontekste (wat op universiteit akademiese leesstyl en vakgebied insluit) waarin die teks implisiet ingebied is (Snyman & Gouws 1995).

Lees op akademiese vlak verg uiteraard meer van studente se interpretatiewe en analitiese vaardighede. Hulle moet verder ook verskillende teksgenres en tipes kan herken en onderskei (Rose 2004 in Bharutham 2012). Hoewel Pretorius (2008) waarsku dat ’n goeie leesvermo  nie akademiese sukses waarborg nie, aangesien ander motiveerders (soos uithouvermo  en toewyding) ook ’n rol speel, dui die bevindinge van die twee studies wat sy gedoen het daarop dat “lack of reading ability functions as a barrier to effective academic performance. Reading below a 50% comprehension level seriously jeopardises students’ chances of passing” (Pretorius 2008:188).

Die multitalige realiteit van die Suid-Afrikaanse konteks speel ’n groot rol om die leesprobleem te kompliseer. Sommige leerders en studente leer nie lees in hulle moedertaal nie. Dit kan ’n negatiewe uitwerking op hulle leesvermo  h . Dit is egter

moeilik om te bepaal of die gebrek aan leesvaardigheid nie ook soms 'n taalprobleem, nie net 'n leesprobleem, is nie (Horne 2002; Ngwenya 2010).

3. DOELSTELLING VAN DIE ARTIKEL

Die probleme ten opsigte van taalvaardigheid by eerstejaarstudente wat Geldenhuys (2003) uitwys is onder meer spelling, uitdrukkings en sinskonstruksie. Hier onder word 'n voorbeeld van een van die studente se skryfwerk wat in Geldenhuys se artikel verskyn het, aangehaal. Daar is – ten minste ten opsigte van dié student – ook probleme met argumentering, die hantering van feite, swak algemene kennis en beperkte woordeskaf:

Van Gogh was tog een van die wereld se grootste en definitief die mees bevange Kontemporere kunstenar van die Negentiende eeu. Sy kunswerke word nou “elektries” en sy skilderye begin om te skitter. Hy behaal ook 'n nuwe ekspresiewe gebriuk van kleur wat dan te sien is in Nag Kafee.

Geldenhuys (2003) gee twee moontlike redes waarom studente met swak taalvaardigheid op universiteit beland. In die eerste plek wys hy daarop dat misleidende matrieksimbole een moontlike verklaring is vir die toelating van studente met swak taal- en skryfvaardighede. Hy dui daarop dat daar 'n groot diskrepans is tussen die matrieksimbole wat studente vir Afrikaans op skool behaal en die skryfvermoë wat hulle openbaar wanneer hulle op universiteit kom. Laasgenoemde word dan ook vanselfsprekend gereflekteer in die punte wat hulle vir opdragte behaal (Geldenhuys 2003:114–115). Geldenhuys spreek vervolgens ook die vermoede uit dat daar 'n verband bestaan tussen lees- en taalvaardigheid, maar ook tussen akademiese vaardigheid en prestasie. Uit die vraelysondersoek wat hy onderneem het onder sogenaamde hoërisikostudente het dit geblyk dat lees – veral as dit meer omvattend is as om net 'n koerant of populêre tydskrif deur te blaai – nie baie gewild was onder die respondenten nie.

Hierdie artikel wil deels lig werp op die tweede opmerking van Geldenhuys en fokus op die verband tussen die leesgedrag van Afrikaansmoedertaaleerstejaarstudente en hulle akademiese vaardighede. Die artikel beoog nie om die verhouding tussen die leesgedrag en akademiese prestasie van die aangewese groep verder te ondersoek nie, maar wil daarop dui dat dit 'n onderwerp vir verdere navorsing is.


Hierdie artikel, wat gebaseer is op navorsing oor die leesgedrag van eerstejaarstudente wat moedertaalsprekers van Afrikaans is, kan die bestaande navorsing wat oor die komplekse verhouding tussen leesgedrag en akademiese geletterdheid verder verryk.

4. NAVORSINGSPROSSES

4.1 RESPONDENTE

Die Eenheid vir Akademiese Geletterdheid aan die Universiteit van Pretoria het vir die tydperk 2006–2012 jaarliks deur middel van die Test of Academic Literacy Levels (TALL) en die Toets van Akademiese Geletterdheidsvlakke (TAG) die akademiese geletterdheidsvlakke van ongeveer 8 000 eerstejaarstudente in nege fakulteite getoets.²

In 2011 het 2 114 studente die Afrikaanse TAG-toets geskryf waarvan 520 (25%) as risikostudente geklassifiseer kon word – ten spyte van die feit dat ongeveer 55 persent van hulle meer as 70 persent vir Afrikaans as vak in matriek behaal het, soos aangedui word in Figuur 1. Dit bevestig Geldenhuys (2003) se eerste afleiding dat daar probleme bestaan rondom die toekenning van punte op skool en die taalvaardigheidsvlak wat die universiteit verlang.



Figuur 1: Risikostudente se punte vir Afrikaans (NSS)

Die geïdentifiseerde hoërisikostudente van wie die taalvaardigheid swak is, moes dan regstreer vir die EOT 110- en EOT 120-module in onderskeidelik die eerste en tweede semesters.³ EOT 110 en EOT 120 het dit ten doel gestel om akademiese geletterdheidsvaardighede te ontwikkel deur onder meer aandag te gee aan akademiese luister-, lees- en skryfvaardigheid, argumentatiewe skryfwerk, die insameling en verwerking van inligting vir akademiese opdragte, die uitbreiding van akademiese woordeskat en die voortbrenging van ’n akademiese diskouers wat rasioneel, samehangend, duidelik en presies is.

Van die hoërisikostudente is 266⁴ gebruik as proefgroep vir die navorsing oor leesgedrag. Die respondent was tussen 18 en 25 jaar oud. Hulle gemiddelde ouderdom was 19 jaar en hulle was aan die einde van hulle eerstejaar aan die universiteit. Almal was huistaalsprekers van Afrikaans, met die uitsondering van een Duits-, een Sotho- en een Spaanssprekende respondent. Van die respondent was 51 persent mans en 49 persent vroue.

4.2 PROSES

Die studente is versoek om 'n vraelys te voltooi met 20 vrae wat die volgende aspekte rakende hulle leesgedragareas aangespreek het:

- die studente se ervaring van Afrikaans as vaktaal op skool;
- hulle individuele leesgedrag;
- hulle elektroniese leesgedrag;
- hulle genrevoordele;
- die sosiale netwerke waaraan hulle behoort; en
- hulle tegnologiese voorkeure.⁵

Die vraelys is voor die semestertoets wat op 22 Oktober 2011 geskryf is aan hulle gegee om in te vul. Hulle is volledig ingelig oor die doelstellings van die vraelys en hulle is versoek om die vragen so eerlik moontlik te beantwoord. Al die respondenten het die vraelys beantwoord en die antwoorde is geanalyseer volgens die aspekte wat in die vraelys aangespreek is, deur gebruik te maak van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe inhoudsanalise. Twee van die outeurs van die artikel het die analise gedoen, en bevindinge is oor en weer oorweeg.

Slegs van die belangrikste bevindings wat aansluit by die doeleindes van hierdie artikel, word vervolgens bespreek.

5 BEVINDINGE

5.1 STUDENTE SE ERVARING VAN AFRIKAANS AS VAKTAAL OP SKOOL

Response oor Afrikaans as vaktaal op skool het gesorg vir baie data. Die belangrikste bevindings is:

Gehalte van onderrig in Afrikaans

Van die respondenten het 65 persent gevoel dat hulle Afrikaanse taalonderwysers gepoog het om by hulle 'n liefde vir lees te kweek deur, onder meer, hulle passie vir Afrikaans en letterkunde met die leerders te deel, interessante tekste te kies, klasse opwindend

te maak, klasdeelname aan te moedig en moeite te doen met voorlesings. Hulle is aangemoedig om vir ontspanning te lees en is daarop gewys dat lees algemene begrip verbeter, noodsaaklik is vir goeie prestasies in enige vakgebied, bydra tot verbeterde leesspoed en woordeskaf, en algemene kennis en persoonlike groei bevorder.

Die bevindinge toon duidelik dat die meerderheid studente, volgens hulle eie oordeel, goeie onderrig ontvang het en dat hulle deeglik bewus is van die voordele wat lees vir hulle akademiese en beroepslewe inhoud.

Eksamenafrigting

Van die respondentē het 83 persent egter ook gevoel dat daar ’n groot mate van eksamenafrigting en -gereedmaking plaasgevind het en dat die fokus op eksamenwerk gevall het. Die volgende aspekte is herhaaldelik benadruk: vrae en oefeninge is uitgewerk ten einde beter in die eksamen te presteer – addisionele klasse is selfs hiervoor aangebied. Modelvrae en -antwoorde is vooraf uitgewerk en belangrike dele van die voorgeskrewe werk is geïsoleer en soms uitsluitlik behandel sodat die klem nie op die narratief as die geheel berus nie, maar op belangrike fragmente in die teks. Die algemene gevoel onder die respondentē was dat ’n goeie onderwyser gelyk is aan een wat afrig en leerders voorberei vir die eksamen, eerder as ’n onderwyser wat dit ten doel stel om die belangrikheid van lees aan leerders oor te dra, of ’n passie vir letterkunde by leerders aanwakker.

Hoewel die bevindinge hierbo die wyse bevraagteken waarop die leerders in die matriekeksamen beoordeel word, kan dit nie as rede aangevoer word vir swak of goeie leesgedrag nie.

Persepsies oor voorgeskrewe leeswerk

In die vraelys is die respondentē gevra of hulle van mening is dat die voorgeskrewe leesstof waarmee hulle tydens hul skoolloopbaan kennis gemaak het relevant of interessant was en wat hul persoonlike ervaring met betrekking tot die voorgeskrewe werk op skool was.

Van die respondentē was 47 persent positief oor die voorgeskrewe leesmateriaal op skool, 39 persent negatief en 14 persent het gemengde gevoelens daaroor geopenbaar.

Positiewe terugvoer het onder meer verband gehou met die nut daarvan in die werklike lewe wat die leer van lewenslesse betref en die relevansie tot alledaagse situasies. Hulle was ook van mening dat dit oplossings vir uitdagende tydgebonden situasies moet bied en moet bydra tot verbeterde kennis van die wêreld. Verder moet dit inligting oordra, sinvol wees en insigte gee in ander rasse, gewoontes en tradisies. Vir hierdie respondentē was dit belangrik dat boeke goed geskryf moet wees, dat hulle met die karakters kan identifiseer en ’n boeiende leeservaring moet hê. Hulle weeg ook graag skrywers teen mekaar op, hou van die diversiteit van die verskillende tekste, maar het

dit teen tekste wat nie verstaanbaar vir die leser is nie. Gewilde voorgeskrewe tekste wat deur respondenten uitgesonder is, is *Mis* (Reza de Wet), *Kringe in 'n bos* en *Fielas se kind* (Dalene Matthee), *Skilpoppe* (Barrie Hough), *Krismis van Map Jacobs* (Adam Small) en *Vaselineetjie* (Anoeschka von Meck).

Van die respondenten het 39 persent negatief op die voorgeskrewe leesmateriaal gereageer. Die voorgeskrewe tekste was na hulle mening nie interessant genoeg nie, te oud en irrelevant vir die huidige tydsgees, en van geen belang in hulle eie lewens nie. Hulle was ook die mening toegedaan dat baie van die voorgeskrewe tekste onverstaanbaar was, en dat die interpretasie daarvan spesiale vaardighede en aanleg verg ten einde sinvol daarmee om te gaan. Van die tekste was volgens hulle “vervelig”, “negatief”, “uitsigloos” en het te veel politieke temas bevat. Van die leesmateriaal was volgens hierdie groep respondenten nie boeiend genoeg om te verseker dat hulle die teks klaar lees nie en soms het dit so 'n swak indruk op hulle gemaak dat hulle nie kon onthou wat hulle op skool gelees het nie.

Waar moontlik het hulle eerder die aantekeninge as die leesmateriaal bestudeer ten einde toetse en eksamens te slaag. Enkele respondenten het hulle ook negatief uitgespreek jeens die gebruik van krutaal en sleng, omdat hulle voel dit teen hulle waardes indruis en dat sleng nie juis woordeskataloog verbeter nie. Ongewilde tekste wat deur respondenten uitgesonder is, is *Manaka: Plek van die horings* (Pieter Pieterse) weens die moeilikheidsgraad (onverstaanbaarheid) en die *Kwart voor sewe lelie* (Elenore Baker) omdat dit gedateer is.

Respondente wat gemengde gevoelens gehad het, het dit nie noodwendig teen lees as sodanig geopenbaar nie, maar teen temas wat in die voorgeskrewe werke aangespreek is. In sommige gevalle het hulle een of twee tekste uitgesonder waarvan hulle besonder baie of niks gehou het nie. Ander interessante opmerkings was dat Engelse voorgeskrewe leeswerk vir respondenten interessanter en gewilder keuses was, en kortverhale was gewilder leeswerk as romans.

Uit hierdie bevindinge blyk dit dat respondenten meer positief as negatief gevoel het teenoor hulle voorgeskrewe materiaal. Dit kan dus nie sonder meer beweer word dat die keuse van voorgeskrewe materiaal op skool hulle negatief instel teenoor lees nie.

Respondente wat ywerige lesers is, voel egter dat nog 'n onderwyser nog die verpligte voorgeskrewe werk die leeslus kan aanwakker. 'n Liefde vir lees is, eenvoudig gestel, iets wat jy het, of nie het nie.

5.2 INDIVIDUELE LEESGEDRAG – WAT LEES HULLE NOU?

Van die vrae in die vraelys het gefokus op die soort tekste wat die respondenten tans lees, of hulle meestal in Afrikaans of in Engels lees, en of hulle verkies om fiksie of nie-fiksie te lees.

Van die respondentē (almal Afrikaanssprekend) het 72 persent verkies om eerder in Engels te lees, teenoor 28 persent wat steeds graag in Afrikaans lees. Hierdie statistiek behoortstryders om die behoud van Afrikaans as leestaal te ontstel, maar ten opsigte van die feit dat die persepsie bestaan dat Engels die akademiese en beroepstaal van voorkeur is, maak dit sin dat studentē eerder Engels lees om hulle voor te berei vir hulle toekoms.


Dit is veral Afrikaanse koerante eerder as tydskrifte, fiksie en nie-fiksie wat steeds ’n gewilde keuse in Afrikaans is. Die Afrikaanse dagblad *Beeld* is die gewildste koerant onder die respondentē – waarskynlik omdat dit soms op kampus gratis versprei word – en daarna volg *Rapport* en *Sondag*. Voorkeurartikels handel oor misdaad, motors, sport en finansies. Engelse koerante is in die minderheid, maar *Sunday Times*, *Citizen*, *The Star*, *Mail & Guardian* en *The Times* is ook in enkele gevalle gelys. Die kampuskoerant, *Perdeby*, sowel as plaaslike streekskoerante soos *Rekord*, *Nylstroomnuus*, *Springs Advertiser*, *Krugersdorp Nuus*, *Middelburg Observer*, *Witbank Nuus*, *Letaba Herald* en *Laevelder* is ook deur die respondentē gelys.

Tydskrifte word grootliks gelees om die belangstelling in die buitelewe en stokperdjies;⁶ sport, fiksheid en dieet,⁷ *celebrity-culture*⁸ en godsdiens⁹ te bevredig. Veral die *celebrity culture* is gewilde leesstof en hoewel meeste tydskrifte in Engels gelees word, is *Huisgenoot* steeds die populêrste leesstof wat vir die ware lewendsdrama – of, soos ’n respondent aangedui het, “die soppy stories” – deur respondentē uitgesonder word. Ander Afrikaanse tydskrifte wat ook deur enkele respondentē vermeld is, is *De Kat*, *Sarie*, *Rooi Rose*, *VroueKeur*, *Taalgenoot*, *Weg*, *Landbouweekblad* en *Wiel*. Hoewel daar min gespesialiseerde tydskrifte gelys is, het enkele respondentē *National Geographic*, *Time* en *Finance Week* as gewilde keuses opgeskryf.

Die keuse van die respondentē se Engelse leesmateriaal, gegewe die aard en keuse van tydskrifte en artikels, is egter nie van so ’n aard dat die afleiding wat hierbo gemaak is, naamlik dat studentē Engels lees vir die verbetering van akademiese kennis, bevestig kan word nie.


5.3 GENREVOORKEURE

Respondente se leesvoordeure vir boeke lê by nie-fiksie (52%) eerder as fiksie (48%). Die genrevoordeure ten opsigte van fiksie word in Figuur 2 uitgebeeld.



Figuur 2: Gewildheid van soorte genrefiksie

Voorkeure vir genrefiksie is besonder uiteenlopend onder respondentte. Fantasie (*Fantasy*) is die gewildste fiksiegenre met 20 persent lesers – waarskynlik in navolging van die invloed van dominerende reekse soos *Harry Potter*, *Twilight* en *Hunger Games*. Hierna volg misdaad- en vrouefiksie (romances en *chick-lit*) wat ongeveer ewe gewild is met onderskeidelik 18 en 17 persent. Godsdienstige romans is die vierde gewildste keuse met 15 persent lesers. Historiese romans en wetenskapsfiksie is ongewilde genres, maar klassieke literatuur is van alle verdelings die ongewildste onder respondentte, met slegs drie persent wat aangedui het dat hulle hierin belangstel. Ten opsigte van nie-fiksie word die voorkeure van die respondentte in Figuur 3 uitgebeeld.



Figuur 3: Gewildheid van nie-fiksiegenres

Publikasies in die kategorie sport en buitelewe is die gewildste onder respondenten (19%) – wat ooreenstem met die gewildheid van tydskrifte wat handel oor sport en buitelewe. Hierna volg musiek en vermaak (14%), misdaad en sake van die dag (12%, teenoor 18% respondenten wat misdaadfiksie as gewilde genre aangedui het). Ten spyte van die stygende gewildheid van publikasies en verkope van biografieë en outobiografieë onder die breë publiek het slegs tien persent van die respondenten aangedui dat hulle hierin belangstel. Godsdienstige materiaal is met 7.1 persent ook heelwat ongewilder as die fiksie-eweknie se 15 persent.

Hierdie bevindings korreleer met die afleiding hierbo, dat die keuse van leesmateriaal nie gemik is op die bevordering van akademiese kennis en vaardighede nie, gesien die lae gewildheid van nie-fiksie-onderwerpe wat studente behoort te lees volgens die bestaande paradigma.

5.4 ELEKTRONIESE LEESGEDRAG


Op die vrae oor watter tegnologiese middele en sosiale netwerke hulle gebruik en of daar ander ontspanningsaktiwiteite is wat hulle sou doen eerder as om te lees, het die respondenten uiteenlopend gereageer. Respondente verkies ontspanningsaktiwiteite soos rekenaarspeletjies (maar ook Wii en PSP), aanlynaktiwiteite, buitelugaktiwiteite, sport, TV (ook TV-reekse), sosiale interaksie (vriende en familie), musiek, slaap, flik (ook as sosiale aktiwiteit tuis op DVD), stokperdjies (dans, fotografie, kuns, skryf), inkopies doen of “om net niks te doen nie” – almal tydverdrywe wat gewilder onder hulle is as lees.

Wallis (2006) dui in sy navorsing aan dat in 1990 die meeste tieners hulle radio/CD-speler gekies het as mediaformaat waarsonder hulle nie kon leef nie. In 2004 was die rekenaar loshande die wenner van ’n soortgelyke ondersoek. Vandag is dit waarskynlik die internet waartoe daar deur middel van selfone toegang verkry word, want – as ons die kenners kan glo – daar is globaal meer mense wat selfone as tandeborsels besit, Facebook word deur ’n kwart van hulle totale gebruikers (dus meer as 200 000 miljoen) besoek deur middel van hulle selfone se internetkonnektiwiteit, en meer as 91 persent van alle mobiele internetgebruik word beskou as “social related” (Pring 2012). Yvonne Beyers (2011) skets die konteks:

[S]tel jou voor jy is gebore in die era waar dit onmoontlik is om van mekaar te ontsnap. ’n Tyd waarin almal altyd aanlyn is, ’n generasie wat gemaklik ’n SMS op sy slimfoon lees terwyl Facebook en Twitter op sy skootrekenaar dopgehou word, hy sien hoe nuwe e-posse instroom en die rooi liggie flikker wat wys sy BlackBerry het pas ’n BBM ontvang. ’n Foon wat lui – landlyn of sel – is niks: verwagtinge en versoekte en opdragte en aanmanings, uitnodigings en waarskuwings en vlytaal en verwyt rol gelyk vanuit alle oorde aan. Dit is ’n vloedgolf, ’n aanslag.

Hierdie respondenten is van ’n generasie wat grootgeword het met Microsoft en Nokia en is gemaklik daarmee. Hulle ken dit, hulle weet hoe dit werk, en leer dit hanteer voordat

hulle leer bestuur, soms selfs voordat hulle leer spel of somme maak. Dat die respondentie baie huis is met elektroniese toestelle blyk uit die feit dat die oorgrote meerderheid van hulle elektroniese toestelle besit en toegang het tot die internet: 98 persent van die respondentie besit 'n selfoon en 96 persent 'n rekenaar. Dit word voorgestel in Figuur 4.




Figuur 4: Tegnologiese eienaarskap

Slegs 21 persent van die respondentie het tablette of e-lesers. Daarbenewens het bykans geen een hulle al e-boeke gelees nie en blogs is besonder ongewilde aanlynmateriaal – nog 'n aanduiding dat die lees van substantiewe, geskrewe tekste nie gewilde leesmateriaal is nie.

5.5 SOSIALE NETWERKE WAARAAN HULLE BEHOORT

Veral slimfone maak dit vir gebruikers moontlik om aktief op sosiale netwerke te woeker. Facebook is die gewildste sosiale netwerk onder respondentie, met 98 persent wat daaraan behoort. Facebook het tans wêreldwyd meer as 800 miljoen aktiewe gebruikers, waarvan meer as 50 persent daagliks hulle profiele besoek. Na raming is daar in 2012 elke minuut ongeveer 510 000 brokkies kommentaar bygevoeg, 293 000 statusopdaterings gemaak en 136 000 foto's opgelaai (Pring 2012). Plaaslik is daar 4 715 880 Facebook-gebruikers en Suid-Afrika is 32ste op die wêreldranglys van gebruikers. Meer as 61 persent van hierdie gebruikers is 34 jaar oud (of jonger) en 31 persent is tussen die ouderdomme van 18 en 24 (South Africa Facebook Statistics 2012).

Tot MXit behoort slegs 37 persent van die respondentie – waarskynlik weens die stygende gewildheid van ondermeer BlackBerryMessenger (BBM) – en die Whatsapp-applikasies waarin groepe geskep kan word, en grafika, video en klankgrepe onder gebruikers gestuur kan word. Volgers van Twitter – ten spyte van die gewildheid van onder meer "celebrity news"-tydskrifte – verteenwoordig slegs 21 persent van respondentie se gewildheidskeuse. Slegs enkele respondentie het aangedui dat hulle aktiewe gebruikers is Flickr, Nedlog, LinkedIn, Google+, Viber en MySpace.



Figuur 5: Gebruikers van sosiale netwerke

Op YouTube – wat deur 66 persent van die respondenten gekies is – word meer as 35 ure se video per minuut opgelaai, en gebruikers spandeer meer as 2.9 biljoen ure per maand op hierdie netwerk. ’n Wêreld, dus, van hipergeïntegreerde tegnologiese omgang:

These adolescents have been exposed to many high-tech influences, and today’s high-speed digital devices enable them to always be connected to the Internet, their friends, and others. This connectivity permits teens to communicate and collaborate in real-time regardless of physical location; to access a wealth of diverse information, including vast digital collections; and to author or contribute content instantaneously to web sites and web blogs (Geck, 2006).

Maar dít, meen Geck, is nie ’n waarborg dat hierdie jong generasie gebruikers iets weet van die gebruik en bestuur van inligting nie. Hulle ken nie die tekortkomming van die web in verhouding tot boeke en gedrukte joernale nie, hulle onkunde oor soekstrategieë veroorsaak dat hulle groot hoeveelhede tyd op die web spandeer op soek na inligting, hulle kom vinnig agter dat die relevante artikels bo aan die blad verskyn en soek nie buite die sig van die skerm nie – hulle weeg dus nie tekste teen mekaar op nie, maar aanvaar eerder dat alle inligting van gelykstaande waarde is. Hulle maak dan ook foutiewe afleidings oor die belangrikheid van temas en figure omdat slegs inligting wat “gegoogle” kan word, van belang is.

6 AFLEIDINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Om behoorlik te besin oor die leesgedrag van hierdie respondenten, sou die veranderende aard van wat lees is, beredeneer moet word want die respondent lees wel op die internet en op sosiale netwerke. Hulle lees kort stukkies tekste ryklik geïllustreer met grafika en foto’s in koerante en tydskrifte – hulle *lees* dit ook nie op die tradisionele manier nie, maar blaai dit net deur, soos Carr (2008) in sy boeiende artikel oor veranderende leespatrone skryf. Wat hulle nie lees nie, is langer geskrewe tekste waarin daar ’n argument, narratief of beredenering opgebou word. Hulle beskou die tyd wat hulle bestee aan BBM, Twitter en Facebook, en aan soektogte op Wikipedia en aanlyn *Junk Mail*-soektogte as aktiewe leestyd, gelykstaande aan die lees van fiksie, nie-fiksie, koerante en tydskrifte.

Hulle vraelyste wemel van foutiewe taal, 'n gebrek aan algemene kennis en die onvermoë om dit wat bymekaar hoort, bymekaar te sit: 'n mens lees van "misdaad berugte", "soppy"-stories en Shakespeare "wat so ongelooflik was". Of *Rapport* nou een of twee p's het, *Huisgenoot* met 'n hoof- of kleinletter geskryf word, jy jou vryetyd eerder met "riende" of "vamilie" spandeer, dit gaan hier oor ware lewendsdrama, skindernuus en dit wat interessant *lyk* – want eers as dit lyk na iets wat hulle wil lees, sal hulle oorweeg of hulle dit gaan lees of nie. En dit is selde die politieke situasie in die land of gebeurtenisse in die wêreld, dit is veel eerder die skindernuus en die stories van beroemdes.

Hierdie respondentе, soos die generasie waaraan hulle behoort, weet waarvan hulle hou en nie hou nie, hulle is tegnologies hiper-geïntegreerd, maar lees in die tradisionele sin – so belangrik as wat dit vir oorlewing ook in 'n tegnologiese era mag wees – is nie hoog op hulle kieslys nie.

Dit lyk inderdaad asof die respondentе se leesgedrag nie van so 'n aard is (en dan sekerlik ook was) dat dit tot hulle voordeel in 'n akademiese omgewing kan wees nie. Of studente wat meer tradisioneel (ook) lees en ander leesmateriaal kies, beter taalvaardighede het en beter vaar in hulle akademiese loopbane, is nie getoets nie en is 'n onderwerp vir verdere navorsing. Wat wel deur hierdie navorsing duidelik na vore kom, is dat daar 'n korrelasie is tussen die respondentе se leesgedrag en hulle taalvaardigheid. Die bevinding toon ooreenkoms met Pretorius (2008:186–187) se bevinding:

[...]students in the Pass group are students for whom reading is an effective learning tool. They are competent at using text-based clues for seeking patterns of meaning and relationships in texts and this enables them to build up a rich representation of the meaning of a text. This rich meaning construction in turn enables them to construct new knowledge from their texts. In contrast, students in the Fail groups have difficulty linking up information in texts during reading, which means that they have difficulty understanding the texts they read.

Na alle waarskynlikheid is die keuse van leesmateriaal en -formaat die rede waarom dit lyk of hierdie respondentе se gefragmenteerde leesgedrag hulle taalvaardigheid beïnvloed. Daar sal egter meer navorsing gedoen moet word om dit bo alle twyfel te bewys.

NOTAS

- 1 Die titel van hierdie artikel is geneem uit 'n respons van een van die respondentе.
- 2 Kyk <http://icelda.sun.ac.za/> vir inligting oor dié toetsing.
- 3 Die Eenheid vir Akademiese Geletterdheid het gedurende die afgelope twee jaar 'n herkurrikuleringsproses deurloop en UP se EOT 110 en EOT 120 generiese modules is in 2013 vervang deur 18 verskillende fakulteitspesifieke ALL- en VAG-modules.
- 4 Studente is tydens die geskeduleerde semestertoets versoek om die vraelys in te vul. Nie al 520 studente het vir die EOT-modules geregistreer nie en nie almal wat vir die kursus

geregistreer het, het vir die semestertoets (waartydens die vraelys voltooi is) opgedaag nie. Die vraelys is nie deur studente ingevul wat die sietketoets op ’n ander datum geskryf het nie.

- 5 Die vraelys is as addendum aangeheg.
- 6 Soos *Weg, 4x4; Wild&Jag, BikeSA, Stywelyne, Ski-boat, GoFish, Dive Style, Wiel, Car, Idees, House&Home, NAG, Garden&Home, Popular Mechanics* en *PC Format*.
- 7 *Women’s Health, Nutrition, Session, Shape, FHM, SA Rugby, Men’s Health, Sports Illustrated, Complete Golfer, Golf Digest, BikeSA, Top Gear, Muscle* en *SA Cricket*.
- 8 *Glamour, Cosmo, Heat, People, Seventeen, Elle, Fair Lady* en *Equi*.
- 9 *Intiem, Finesse, Leef* en *Lig*.

BIBLIOGRAFIE

- Alexander, N. 1997. Language policy and planning in the new South Africa. *African Sociological Review*, 1:82–98.
- Barr, R. et al. (ed). 1996. *Handbook of reading research*, volume II. London: Longman.
- Beyers, Y. 2011. Jammer om van jou te hoor. *By* (bylaag in *Beeld, Volksblad* en *Die Burger*), 2 September. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.beeld.com/By/Nuus/Jammer-om-van-jou-te-hoor-20111209-2> [Besoek 19 Junie 2012].
- Bharuthram, S. 2012. Making a case for the teaching of reading across the curriculum in higher education. *South African Journal of Education*, 32:205–214.
- Carr, N. 2008. Is Google making us stupid? *The Atlantic*. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.theatlantic.com/magazine/archive/2008/07/is-google-making-us-stupid/306868/> [Besoek 2 Oktober 2013].
- Daneman, M. 1991. Individual differences in reading skills. In Barr, R. et al. (ed.) *Handbook of reading research*, volume II. London: Longman.
- Department of Education. 2006. Education statistics in South Africa at a glance 2005. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=xUk85LK8NIw%3d&tabid=462&mid=1326> [Besoek 2 Oktober 2013].
- Department of Higher Education and Training (DHET). 2012. Green Paper for Post-School Education and Training. *Government Gazette*, 13 January. Pretoria: DHET.
- Ferguson, N. 2011. ‘Texting Makes U Stupid.’ *Newsweek*, 19 September:11. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.thedailybeast.com/newsweek/2011/09/11/how-will-today-s-texting-teenagers-compete.html> [Besoek 19 Junie 2012].
- Geck, C. 2006. The Generation Z connection: Teaching information literacy to the newest net generation. [Aanlyn] Beskikbaar: http://www.redorbit.com/news/technology/397034/the-generation_z_connection_teaching_information_literacy_to_the_newest/ [Besoek 19 Junie 2012].
- Geldenhuys, J. 2003. Hoe skryf môre se skrywers vandag? *Tydskrif vir Letterkunde*, 40(1):109–120.
- Govender, P and Naidu, B. 2006. Indian experts to help SA’s worst schools. *Sunday Times*, 1 January, p. 1.

- Hough, T and Home, W. 2001. *The language transferee*. Evaluators and consultants, PO Box 751397, Garden View 2047.
- Nel, C, Dreyer, C and Kopper, M. 2004. An analysis of the reading profiles of first-year students at Potchefstroom University: a cross-sectional study and a case study. *South African Journal of Education*, 24:95–103.
- Ngwenya, T. 2010. Correlating first-year law students' profile with the language demands of their content subjects. *Per Linguam*, 26:74–99.
- Nunes, T (ed). 1999. *Learning to read: an integrated view from research and practice*. London: Kluwer Academic Publishers.
- Pretorius, EJ. 2002. Reading ability and academic performance in South Africa: Are we fiddling while Rome is burning? *Language Matters*, 33(1):169–196.
- Pretorius, EJ. 2008. Reading ability and academic performance in South Africa: Are we fiddling while Rome is burning? [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.tandfonline.com/loi/rjms20> [Besoek 19 Junie 2013].
- Pring, C. 2012. 100 social media statistics for 2012. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://thesocialskinny.com/100-social-media-statistics-for-2012/> [Besoek 19 Junie 2012].
- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). 1981. *Verslag van werkkomitee: Tale en Taalonderrig*. Pretoria: RGN.
- Snyman, M & Gouws, T. 1995. *Om beter te kan sien: 'n Gids tot visuele geletterdheid*. Pretoria: J.P. van der Walt Uitgewers.
- South Africa Facebook Statistics. 2012. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.socialbakers.com/facebook-statistics/south-africa> [Besoek 19 Junie 2012].
- Townend, J and Turner, M (eds). 2000. *Dyslexia in practice: a guide for teachers*. New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers.
- Wallis, C. 2006. genM: The multitasking generation. *Time*, 27 March. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.time.com/time/magazine/article/0,9171,1174696-1,00.html> [Besoek 19 Junie 2012].
- Webb, V. 1999. Language study and language use in South African schools: a view from the politics of language. Paper delivered at the NAETE 15th Annual Conference, SACTE, Pretoria.
- Webb, VN. 1991. Taalkunde en taalonderrig – 'n noodsaklike gesprek. In: Webb, VN en Beukes, AM (reds). *Eerstetaalonderrig in die soeklig*. Pretoria: Academica, 3–25.
- Yuill, N and Oakhill, J. 1991. *Children's problems in text comprehension*. Cambridge: Cambridge University Press.

ADDENDUM

Graad 12 simbool vir Afrikaans		
Eerste taal	Addisionele taal	

Graad 12 simbool vir Engels		
Eerste taal	Addisionele taal	

Skool bygewoon		

Geslag	M	V
Ouderdom:		

Taal waarin u studeer	ENG	AFR
Huistaal:		

Studieprogram:	
Jaar van studie:	
Watter ander taalkursusse neem u?	

1. Watter van die verskillende komponente van Afrikaans het u tydens u skoolloopbaan geniet(*merk met R*) en watter nie (*merk met Q*)?

Stelwerk	Begripstoets	Letterkunde	Taalleer
----------	--------------	-------------	----------

2. Het u Afrikaanse onderwyser dit ten doel gehad om

	Ja	Nee
by u 'n liefde vir lees te kweek?		
vir u die waarde van lees vir ontspanning aan te leer?		
u bloot eksamengereed te maak?		

3. Motiveer asb u antwoord:

4. Het u gemeen dat u tydens u skoolloopbaan met relevante en/of interessante leesstof kennis gemaak het? Ja Nee

LETI KLEYN, MARITHA SNYMAN EN JURIE GELDENHUYSEN

5. Beskryf u persoonlike ervaring met betrekking tot voorgeskrewe leeswerk op skool:

6. Watter van die volgende soorte tekste lees u graag? (*merk met R*)

Koerante	Tydskrifte	Fiksie (storieboeke)	Nie-fiksie (feiteboeke)
E-boeke	Webblaiae	Blogs	
Ander (spesifiseer)			

7. Lees u meestal in Afrikaans of in Engels? (*merk met R*)

	in Afrikaans	in Engels
Koerante		
Tydskrifte		
Fiksie		
Nie-fiksie		
E-boeke		
Webblaiae		
Blogs		
Ander (spesifiseer)		

8. Lees u meestal in gedrukte formaat of aanlyn of op 'n e-boekleser? (*merk met R*)

	Aanlyn	Hardekopie	e-boekleser	Selfoon/ smartphone
Koerant				
Tydskrif				
Fiksie				
Nie-fiksie				
E-boeke				
Webblaiae				
Blogs				
Ander (spesifiseer)				

“EK IS LIEF VIR LEES MAAR VIND NIE ‘N PASSIE DAARIN NIE”: LEESGEWOONTES VAN

9. Spesifiseer u leesgewoontes:

	Lys die betrokke titels van dit wat u lees:
Koerante	
Tydskrifte	
Webblaiae	
Blogs	
Ander (spesifiseer)	

10. Hoe gereeld lees u vir u studies? (*merk metR*)

	Daagliks	Weekliks	Maandeliks		Jaarliks	Nooit
Koerante						
Tydskrifte						
Fiksie						
Nie-fiksie						
E-boeke						
Webblaiae						
Blogs						
Ander (spesifiseer)						

11. Hoe gereeld lees u vir ontspanning? (*merk metR*)

	Daagliks	Weekliks	Maandeliks		Jaarliks	Nooit
Koerante						
Tydskrifte						
Fiksie						
Nie-fiksie						
E-boeke						
Webblaiae						
Blogs						
Ander (spesifiseer)						

12. Wanneer laas het u die volgende gelees?

	Afgelope week	Afgelope maand	Afgelope semester	Afgelope jaar	Nog nooit
Koerante					
Tydskrifte					
Fiksie					
Nie-fiksie					
E-boeke					

Webblaaie					
Blogs					
Ander (spesifiseer)					

13. Watter soort fiksie & nie-fiksie lees u?(merk metR)

Fiksie	Nie-fiksie
Wetenskapfiksie (<i>sci-fi</i>)	Biografieë en outobiografieë
Fantasie (<i>fantasy</i>)	Sport& buitelewe
Misdaad (<i>crime</i>)	Misdaad& sake van die dag
Rillers/Grillers (<i>thrillers/horror</i>)	Musiek, vermaak& kuns
Liefdesverhale (<i>loveromance</i>)	Geskiedenis
Chick-lit	Populêre sielkunde &selfhelp
Historiese verhale (historicalnovels)	Filosofie, geloof & esoteries
Klassieke letterkunde (<i>classics</i>)	Wetenskap & tegnologie
Godsdienstige letterkunde	Sake en Ekonomie
Ander (spesifiseer):	Kookkuns
	Ander (spesifiseer):

14. Watter van die volgende tegnologiese middele gebruik u?(merk metR)

Rekenaar	Selfoon	Smartphone	Tablet bv. ipad	E-boek bv. kindle
Ander (spesifiseer)				

15. Watter van die volgende sosiale netwerke gebruik u?(merk metR)

Facebook	Mixit	Twitter	LinkedIn
Flickr	YouTube	Ander (spesifiseer):	

16. Wat sou u eerder vir ontspanning doen as om te lees?

“EK IS LIEF VIR LEES MAAR VIND NIE ’N PASSIE DAARIN NIE”: LEESGEWOONTES VAN

17. Waar vind u die inligting wat u vir u akademiese werkopdragte gebruik?
(merk metR)

Handboeke/Teksboeke	
Biblioteekpersoneel	
Boeke in die biblioteek	
Akademiese tydskrifte	
Elektroniese databasisse	
Internet	
Koerante/tydskrifte	
Ensiklopedieë	
Ander (spesifiseer):	

18. Wat gebruik u om aanlyn-inligting te bekom? (merk metR)

Google-soektogte	
Google scholar-soektogte	
Elektroniese databasisse	
Aanlyn akademiese artikels	
Ander (spesifiseer):	

19. U word gevra om ’n essay van 2 500 woorde oor die relevansie van boeke vir die 21ste eeu te skryf. Verduidelik stap-vir-stap hoe u te werk sal gaan om navorsing vir hierdie essay te doen.
-
-
-
-
-
-
-
-

20. Watter bronne beskou u as die gesaghebbendste?
(Voltooi die meegaande kolom waarin 1 die belangrikste en 10 die minste belangrik is).

Koerante	
Tydskrifte	
Webblaaie	
Blogs	
Wikipedia	

LETI KLEYN, MARITHA SNYMAN EN JURIE GELDENHUYSEN

Ensiklopedieë (al is dit baie oud)	
Inligting in boeke	
TV-uitsendings	
Radio	
Hoorsê	